

## 15 Feite oor afknouery

Afknouery en boelies word wêreldwyd in alle skole gekry. Hierdie artikel gee die feite oor boelies, teikens en die talle insidente wat elke dag deel van kinders se lewe uitmaak.

Totius-Akademie

Enigiemand kan afgeknou word, want dit word nie beperk tot ras, geslag, klas, of enige fisieke of psigiese verskille wat tussen mense voorkom, nie.

Afknouery vind die meeste gedurende die vroeë adolessente jare plaas. Dit is wanneer jou kind 10-14 jaar oud is.

Die voorvalle is baie kort en duur gemiddeld ongeveer 37 sekondes. Hierdie paar sekondes het 'n geweldige impak op jou kind.

Afknouery vind elke sewe minute op die speelgrond plaas.

Al die afknouhandeling het 'n emosionele of psigologiese dimensie. Dit meng in met die normale ontwikkelingsprosesse, ongeag die ouderdom van jou kind. Die negatiewe impak is lewenslank.

Die kind wat afgeknou word trek negatiewe aandag van haar maats. Dit lei daartoe dat so 'n kind doelbewus deur die groep verwerp word en van die groep afgesonder word. So word die afknouer se mag net meer versterk.

Kinders wil nie vir hul ouers, onderwysers of maats van die afknouery vertel nie en dikwels steek hulle dit weg. Die meeste teikens sal waarskynlik nooit die afknouery aanmeld nie.

Slegs 25% van die leerders rapporteer dat onderwysers in die afknousituasies tussenbeide tree terwyl 71% van die onderwysers van oortuiging is dat hulle altyd ingryp.

Baie volwassenes weet nie hoe om in 'n afknousituasie tussenbeide te tree nie en daarom word afknouery dikwels oorgesien.

Die afknouers se aksies en optrede is vooruit bedink, dikwels meedoënloos en word herhaal en die insidente van afknouery kan vooraf beplan, doelbewus of onvoorspelbaar wees.

Afknouery is soms opportunisties, maar as dit eers begin het, sal dit moontlik aanhou. Die afknouery kan oor 'n kort periode, of onbeperk oor 'n lang tydperk plaasvind. Dit is nie 'n eenmalige insident nie.

Leerders wat reeds vroeg as afknouers geïdentifiseer is, vereis uiteindelik meer ondersteuning van volwassenes en ander professionele persone. Hulle is meer geneig tot kriminele

oortredings, vertoon meer anti-sosiale persoonlikheidsversteurings en maak meer van geestesgesondheidsdienste as ander kinders van hulle ouderdom gebruik. Teen die ouderdom van 24 jaar is 60% van die geïdentifiseerde afknouers reeds skuldig bevind aan kriminele oortredings.

Die afknouer het altyd mag oor die kind wat hy/sy misbruik. Wanneer die mag gebruik word is dit tot voordeel van die afknouer.

Die afknouery is dikwels georganiseerd en word stelselmatig toegepas.

Die afknouer word dikwels deur 'n groep maats ondersteun, sommige moedig die afknouer aan en ander, die aanskouers, kyk toe sonder om te help.

Me Bets Schutte het intensief navorsing gedoen rondom die teikens en die aanskouers van afknouery in Suid Afrika. In 'n reeks artikels wil Totius-Akademie ouers toerus met die feite oor afknouery of boeliegedrag.